## Diversifiseer u beleggingsportefeulje

*Opgestel deur Liberty Life Groep-adviesdienste*



# Diversifisering is die sleutel tot opbrengs op langtermyn-beleggings

Dit is noodsaaklik dat ‘n beleggingsportefeulje alle bate-klasse sowel as ‘n risiko-spektrum insluit. So adviseer Johan Kleu, hoof van beleggingsprodukte by Liberty Life.

“Diversifikasie is die sleutel tot goeie langtermyn belegginsopbrengste,” sê Johan Kleu, hoof van beleggingsprodukte by Liberty Life. “Daar is verskillende bate-klasse waarin belê kan word, byvoorbeeld aandele, verbande of eiendom. Elkeen bied ‘n eiesoortige opbrengs en risiko-ervaring. As u versigtig in elke klas belê, sal u die beste algehele resultaat verkry.”

Kleu glo dat baie beleggers goeie geleenthede misloop omdat hulle bang is om in portefeuljes te belê wat potensieel ‘n hoër opbrengs bied, maar terselfdertyd ‘n groter risiko inhou as minder aggressiewe portefeuljes.

“Terwyl elkeen sy eie risiko-opbrengs portefeulje het wat deeglik oorweeg moet word, is dit noodsaaklik dat ‘n beleggingsportefeulje alle bate-klasse sowel as ‘n risiko-spektrum insluit,” sê hy.

Om te belê is ‘n metodiese proses wat begin met die identifisering van verlangde beleggingsdoelwitte. Hoe vroeër u begin, hoe groter is die eindbeloning.

“Weet en besluit wat u wil bereik,” sê Kleu. “Daar is talle opsies langs die beleggingskontinuum: elkeen is ontwerp om in verskillende behoeftes te voorsien en het verskillende grade van buigsaamheid en belasting-implikasies.” Beleggingsopsies sluit onder meer bankdeposito’s, geldmark-rekeninge, effektetrusts, uitkeringspolisse en aftreebelegginsprodukte in.

“’n Uitkeringspolis met ‘n minimum beleggingstermyn van vyf jaar word as ‘n medium-termyn belegging beskou, hoewel dit baie buigsaam is wanneer toegang tot kontant verlang word. Dit is byvoorbeeld die ideale spaar-opsie met die oog op die finansiering van ‘n beoogde universiteitsopleiding.

“Aftree-annuïteite vervul ‘n totaal ander rol. Hulle is minder buigsame, langtermyn beleggings met belastingvoordele wat nie met ander beleggings beskikbaar is nie. Annuïteite is die ideale veiligheids-vangnet: nie u of u krediteure kan die geld aanraak voordat u aftree nie.”

Baie mense glo hulle moet alle beskikbare kontant in hul huisverbande belê, omdat hulle glo dat dit uiteindelik hul aftrede sal finansier. Kleu sê in teorie is dit nie ‘n slegte plan nie, maar in die werklikheid loop dinge soms skeef omdat ‘n mens geneig is om jou huis periodiek op te gradeer, te trek en die geakkumuleerde kontant te bestee.

“Dit is beslis nie ‘n goeie idee om geld net in een beleggingskanaal te sit nie,” sê hy. “Om aftreebeleggings te diversifiseer en te isoleer is die beste manier om ‘n neseier te bou. Selfs as jy begin deur net klein bedraggies te spaar, kan jy steeds ‘n omvattende, gediversifiseerde beleggingsportefeulje opbou.”

Dit begin alles met noukeurige beplanning en ‘n onwrikbare toegewydheid aan die voorneme om deurentyd langs die beleggings-kontinuum te spaar.

Vir meer inligting oor Liberty se wye reeks beleggingsmoontlikhede en oor hoe om u portefeulje te diversifiseer,

praat met u finansiële adviseur, of skakel Liberty Life op 0860 456 789.